*Saterdag* **11 Oktober**

**Skrifgedeelte: Genesis 22:1-19**
**Fokusgedeelte: Genesis 22:18**

**God die Heilige Gees gee vandag steeds geloof en gehoorsaamheid**

God het met Abraham ’n verbond gesluit waarin Hy beloof het dat Hy sy nageslag so baie soos die sterre aan die hemel en die sand aan die see sal maak. Dan beveel die Here hom egter om die seun van die verbond, waaruit hierdie nageslag gebore moes word, te gaan offer. En Abraham gehoorsaam in geloof. Toe Isak vra waar die lam vir die offer is, antwoord Abraham dat God vir Homself die lam as ’n brandoffer sal voorsien. As Isak op die altaar lê en die engel Abraham keer om hom te dood, sien hy agter hom ’n ram – daar is die lam. God self voorsien soos Abraham geglo het, God sorg self vir die offer. Hy stuur ’n plaasvervanger in Isak se plek. Daardie plaasvervanger was egter uiteindelik nie die ram wat Abraham agter hom gesien het nie. Abraham sien op die berg in die land Moria ’n voorafskaduwing van Golgota. Waar is die lam? Johannes het na Christus gewys en gesê: Daar is die Lam van God, die Here sal voorsien! Dit wat God Abraham gespaar het, het Hy Homself nie gespaar nie. Hy offer sy Eniggebore Seun wat Hy liefhet, Jesus Christus. Hy wat uit die saad van Abraham, uit Abraham se nageslag gebore is tot seën vir die nasies, sodat hulle in Hom gered kan word.

Hierdie geloof en gehoorsaamheid wat Abraham hier openbaar, was nie ’n unieke geloof en gehoorsaamheid wat nie meer vandag gevind word nie. Dit is geloof en gehoorsaamheid wat die Heilige Gees aan hom gegee het, dieselfde geloof en gehoorsaamheid wat die Heilige Gees vandag nog aan ons ook gee. Ons deel in hierdie seën van die nasies, deur Christus uit die saad van Abraham.

*Sing: Psalm 105-1:4, 5*

*Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)*